NG Sinode Hoëveld
Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God

Nuusbrief #2
25 Jan 2018

STREEKSBYEENKOMSTE 2018

Die Sinodale Dienskommissie (SDK) beplan om gedurende die eerste kwartaal van 2018 vyf Streeksbyeenkomste in ons sinodale gebied te hou sodat ons teen die einde van Maart 2018, na afloop van die besoeke aan ons ringe en gemeentes, kan begin om 'n effektiewe en doeltreffende Plan van Aksie vir ons Sinode saam te stel wat dan DV in Oktober 2018 by die Sinode gaan dien.

Area 1 – Oos-Rand	Datum: 30 Januarie 2018 @ 18:30
Ring van Alberton	Plek: NG Alberton-Suid
Ring van Boksburg	
Ring van Germiston	
Area 2 – Verre Oos-Rand	Datum: 4 Februarie 2018 @ 14:30
Ring van Benoni	Plek: NG Delmas-Wes
Ring van Brakpan	
Ring van Delmas	
Area 3 – Kempton Park	Datum: 13 Februarie 2018 @ 18:30
Ring van Birchleigh	Plek: NG Kempton-Hoogland
Ring van Kemptonpark	
Area 4 – Mpumalanga	Datum: 18 Februarie 2018 @ 14:30
Ring van Evander	Plek: NG Nigel-Suid
Ring van Heidelberg	
Ring van Standerton	
Area 5 – Johannesburg	Datum: 27 Februarie 2018 @ 18:30
Ring van Johannesburg	Plek: NG Aasvoëlkop
Ring van Linden	
Ring van Turffontein	

Om te registreer vir enige van die bogenoemde Streeksbyeenkomste, voltooi asseblief die aangehegte Registrasievorm so spoedig as moontlik.

Baie dankie.

Creation Care and the Gospel

In Februarie vind ’n belangrike konferensie oor Aardversorging van 19 – 23 Februarie in Pietermaritzburg by African Enterprise se sentrum in Pietermartizburg plaas.

Die konferensie is die negende in ’n reeks na die 2010 Lausanne byeenkoms oor Wêreld Evangelisasie wat in Kaapstad plaasgevind het. Dáár is besluit dat aardversorging ’n kernsaak vir die evangelie. Die besluit is opgevolg met ’n byeenkoms in Jamaica waar ’n “Call to action” ontwikkel is en is besluit om streekkonferensies wêreld-oor te reël. Die streek konferensies trek gelowiges uit die kerk, wetenskap, landbou ens. saam om te praat, dink en te beplan wat plaaslike gedoen kan word om aktief die sorg van die aarde te bevorder.

Die program fokus op drie temas: God’s Word – teologie; God’s world – die toestand van die aarde – klimaatsverandering, besoedeling, skade aan biodiversiteit. God’s work – praktiese projekte wat impak maak.

Die Suider-Afrikaanse konferensie nooi afgevaardigdes uit suidelike Afrika en selfs vêrder om deel te neem. Belangstellendes kan gerus die webtuiste: www.arocha.org.za besoek of stuur ’n e-pos aan info@arocha.org.za

(Tydens die 2010 Lausanne byeenkoms oor wêreld-evangelisasie in Kaapstad is aardesorg erken as ’n kernsaak van die evangelie. Daardie byeenkoms van 4500 kerkleiers het bely “we must repent of our part in the destruction, waste and pollution of the earth’s resources and of our collusion in the toxic idolatry of consumerism. Instead, we must commit ourselves to urgent and prophetic ecological responsibility. We must commit ourselves to ecological responsibility in actively caring for everything that God has made, as an expression of our love for Him and for other people”)

Groete

Dr Gustav Claassen
Algemene Sekretaris / General Secretary
Nederduitse Gereformeerde Kerk / Dutch Reformed Church



FutureNow

THE YOUTH IS THE FUTURE
AND THE FUTURE IS NOW

Youth Mentor Training

Enrich your life and the life of teenagers around you by becoming a FutureNow Youth Mentor.

- Receive training to become a facilitator of the John C Maxwell Lead Today program
- Receive free LEAD TODAY leadership material.
- Learn how to work effectively with teenagers
- Be empowered to become a missional force to affect change in South Africa from within.

Training overview

DAY 1 (5 March 2018 8:30 - 16:00)
- Creative public presentation.
- Logistics: Safe environments for effective ministry.
- Technical elements: Technology as a supporting aid.

DAY 2 (6 March 2018 8:30 - 16:00)
- Leadership Training: LEAD Today Facilitating.

DAY 3 (7 March 2018 8:30 - 14:30)
- School ministry: A strategy for effective school ministry.
- Focus on relationships: Building a foundation for sustainability.
- Mentorship: Ancient paradigms for a new approach.
- You and FutureNow: Accreditation for the School context.

Cost: **R350** includes materials, three lunches and light refreshments! (Substantially subsidised)

5 - 7 March 2018 at Jubilaté
(c/o Wordsworth & Reaper str, Farrarmere, Benoni)

For more info:
Janco - 083 791 5843
janco@futurenow.org.za
Gert - 074 885 6315
gert@novitae.co.za

Register at: http://www.futurenow.org.za/events.html

Change South Africa from within by changing the way our Youth will lead Tomorrow!

Kom-proe Aand met Gaskunstenaar

MARI MICHAEL

WAAR:

NG GEMEENTE MOOIFONTEIN

H/V GRASUILSTR & MARABOEWEG

BIRCH ACRES

WANNEER:

17 FEBRUARIE 2018

HOE LAAT:

KOM-PROE: 18:00
VERTONING: 19:00
PRYS: R80 (VOLWASSENE)
R50 (LAERSKOOLKIND)

Kontak persoon: Suzette 078 745 6826

MOULD • EMPOWER • SERVE

Werksgeleentheid: Naskoolonderwyser MES Kempton Park

MES Kempton Park is op soek na 'n onderwyser vir die Naskool, in die middae vanaf 14:30 tot 17:00. Die geskikte kandidaat moet die ongeveer 20 kinders help met hul huiswerk en eksamenvoorbereiding.

Indien jy belangstel, of weet van iemand wat ons kan help, skakel asseblief vir Duane Edwards by 011 024 4580 / duane@mes.org.za. Vergoeding is beskikbaar en sal tydens die onderhoud bespreek word.

Lees Januarie se uitgawe van E-Saaier hier.

- Trap vir Bybels in Kaapse fietstoer
- 'n Bybel vir die mense van Platfontein

Die middelste vers van die Bybel is Ps 101:8

Bestuurder: Departement Ontwikkeling BM

BM-Direksie het ds. JS (Strydom) Bruwer in bogenoemde pos aangestel. By Bybel-Media is ons baie bly oor sy aanstelling en die personeel sien uit na sy koms hierheen.

Hy is tans leraar van Gordonsbaai-gemeente. Op die breër kerklike terrein het hy 'n leiersrol in Somerset-Wes se Ring vertolk. Sy rol in verskeie Sinodale Kommissies soos o.a. voorsitter van die Diensgroep: Gemeentebegeleiding, lid van die Sinodale Koördineringspan en trustee van die Predikante Pensioenfonds is sprekende voorbeelde van sy besondere dienslewering.

Strydom begin amptelik op 1 Maart werk by Bybel-Media in die plek van ds. Hans Steyn wat op 31 Maart aftree.

Berlisé Louwrens het haar rol as bemarkingsbestuurder by CLF op 8 Januarie 2018 begin en is opgewonde oor die bydrae en impak wat sy in God se koninkryk kan maak binne CLF as deel van sy almagtige plan. Haar doelstellings is om met die jonger generasies kontak te maak; om nuwe bemarkingskanale te gebruik om mense aan te moedig om 'n Christelike erfenis na te laat; en om te help om lewensveranderende literatuur aan alle mense in hul eie taal beskikbaar te stel.

Berlisé het haar bemarkingsondervinding grootliks in die korporatiewe mark verkry waar sy aan verskeie industrieë blootgestel was. Sy glo dat goeie verhoudings en kommunikasie uiters belangrik is – persoonlik sowel as in die sakewêreld – en sien uit daarna om soveel moontlik interaksie met die NG Kerk-familie te hê.

Danny Fourie het 'n lang loopbaan en ervaring in die mediawêreld as uitsaaier en uitgewer. Met sy aanstelling by CLF vanaf Januarie 2018 sluit hy hom weer aan by sy ou werkgewer as redakteur van CLF se publikasies. Volgens Danny het CLF-Uitgewers tot 'n mededingende uitgewer van Christelike en teologiese boeke ontwikkel. Saam met sy span is hy gereed om die Christelike lesersmark en die NG Kerk-familie met relevante en geloofsopbouende publikasies te bedien.



Jaarboek 2018 ...

Die Jaarboek van die NG Kerk 2018 bestaan uit inligting oor sinodes, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante. Die Jaarboek dien al vir 168 jaar as ‘n belangrike verskaffer van inligting vir die NG Kerkfamilie. Dis gemik op predikante, kerkkantore en lidmate.

Prys: **R295.00** (BTW en posgeld in SA ingt). Reeds beskikbaar – skakel dadelik om jou bestelling te plaas!

Kyk op die webwerf www.bybelmedia.org.za vir pryse van veelvoud-bestellings en die CD-formaat.

Lees in die eerste Kerkbode van 2018 ...

Die eerste Kerkbode van 2018 bring ’n verskeidenheid van nuus uit die kerk. Lees oor ’n nuwe speelpark vir kinders in ’n arm gemeenskap, oor ’n boer wat in sy werkers belê en die vrugte daarvan pluk, oor rockkonserte wat soos missionale eredienste is, en oor hoe die ramphulp aan Knysna nou oor ’n baie wyer front nood verlig.

Lees wat skryf ds Nelis Janse van Rensburg oor die Koninkryk van God in 2018, en van die lesse wat ’n jong sendeling tydens uitreike na Botswana geleer het.

Ds Henk Gous sê hoe hy dink die gesprek oor verhoudinge tussen mense van dieselfde geslag op ‘n beter manier gevoer kan word en dr André Bartlett skryf oor ’n aangrypende skildery na aanleiding van die kindermoord in Betlehem.

Kerkbode: Met die nuwe toepassing (app) is die Kerkbode nog makliker toeganklik. Kerknuus is onmiddellik op lidmate se selfone beskikbaar. Saam met dié app is die e-Kerkbode ook per e-pos gratis beskikbaar. Teken in by www.christians.kerkbode.co.za

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

26 Januarie 2018 — Deel 200 – Nommer 1

Die koninkryk kom in Appelpark

Kersfonds

PASTORALE BERADERS

Ons kry navrae vir Pastorale Beraders.

Indien u wel 'n Pastorale Berader is, kan u asseblief vir my u kontakbesonderhede stuur. As u nie is nie, maar weet van iemand, stuur dan vir my die kontakbesonderhede en ek sal direk met hul kontak maak.

Ons wil graag 'n databasis skep om sodoende 'n addisionele diens te verskaf.

Stuur u besonderhede aan Natassja Marais [pa@ngkhoeveld.co.za].

Kliek hier vir 'n lys van Pastorale Beraders.

DATUMLYS

'n Volledige datumlys, met die portefeuljeleiers se beplanning en belangrike sperdatums, is hier beskikbaar.

AFLOSPREDIKANTE

Klik hier vir 'n lys van aflospredikante.

VAKATURES

Klik hier vir Kerkbode se lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies.

Organisasie / Instansie	Vakante pos	Sluitingsdatum
CMR Boksburg	Maatskaplike Werker	31 Januarie 2018
Solheim Tuiste vir Bejaardes	Senior Verpleegkundige	3 Februarie 2018
NG Lindenpark	Orrelis / Musiekleier	16 Februarie 2018
NG Kempton-Kruin	Musiekleierspos	16 Februarie 2018
NG Witfield-Wes	Kantoor / Administratiewe Dame	31 Maart 2018

Vir meer inligting oor die bogenoemde vakatures, klik hier.

GEBEURE

In 'n neutedop...

JANUARIE

26-28	**Vernuwingskonferensie** NG Gemeente Lindenpark
26-27	**SAAWE - Opleiding vir Afrika Sending**
30	**Streeksbyeenkoms - Area 1** **NG Sinode Hoëveld**

FEBRUARIE

4	**Streeksbyeenkoms - Area 2** **NG Sinode Hoëveld**
11	*Lydensweke begin*
11	*Biddag vir Opvoeding en Onderwys*
13	**Streeksbyeenkoms - Area 3** **NG Sinode Hoëveld**
14	*Aswoensdag*
17	**Kom-proe Aand** NG Mooifontein
18	**Lofprysing- en Aanbiddingsdiens** NG Birchleigh-Noord
18	**Streeksbyeenkoms - Area 4** **NG Sinode Hoëveld**
27	**Streeksbyeenkoms - Area 5** **NG Sinode Hoëveld**

Die 2018 Kerkkalender is op ons web beskikbaar. Sien asseblief ons beplanning en belangrike datums wat julle in julle dagboeke moet vaspen!

Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies! Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die nuusbrief plaas. Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!

BESOEK ONS OOK OP *FACEBOOK*

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD

VRYWARING

Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, oortreding van die Outeursreg Wet 98 van 1978 soos gewysig, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgehou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbrief skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.